

NUWE REEKS - DEEL 1

LIGGING

Karoo

KORTOM

- Nie alle ketting-groepe wil inkoop op die Karoolam-inisiatief nie.
- Die proses om jouself te laat sertifiseer, is al meer vaartbelyn.
- Die skema strook met die moderne behoefte om 'n produk tot op die plaas van oorsprong na te speur.

Lamsvleis kry vlerke met 'n Karoopaspoort

Al hoe meer boere en ondernemings is optimisties oor die beweging om Karoolam te beskerm en te bevorder. Nóg boere behoort egter druk op ondernemings en slagplase te plaas om dié produk as eiesoortig te bemark.

NUWE REEKS

Dit is meer as drie jaar sedert die eerste gesertifiseerde Karoolam in November 2011 in die Wes-Kaap verkoop is, en baie mense vra deesdae waar staan die proses om Karoolam te beskerm. Prof. Johann Kirsten, hoof van die departement landbou-ekonomie, voorligting en landelike ontwikkeling aan die Universiteit van Pretoria, skryf 'n reeks van vier artikels vir *Landbouweekblad*. Hierin gee hy 'n oorsig van die vordering met die inwerkingstelling van die sertifiseringskema vir Karoolamsvleis van Oorsprong en die wetlike prosesse wat reeds ingestel is om Karooboere te beskerm teen die misbruik van die woord "Karoolam".

Waar daar in November 2011 'n skamele 20 gesertifiseerde Karoolammers per week verhandel is, word daar deesdae 300 tot 500 per week verhandel. In Oktober 2013 was daar 'n hoogtepunt van sowat 2 500 per week.

Karooboere wat tot dusver aan die skema vir gesertifiseerde Karoolam deelgeneem het, het al meer as anderhalf miljoen rand se pryspremies verdien. Dit is 'n klein, maar stewige begin in die proses om uiteindelik ál die lammers wat vrylopend op Karoobossieveld geproduseer word, hul "Karoopaspoort" te gee en daardeur vir Karooboere 'n ekstra ekonomiese voordeel te bring. Dit behoort ook die gemeenskappe en dorpe in die Karoo meer ekonomies volhoubaar te maak.

Dit is tog jammer dat die groot ketting-winkelgroepe steeds half "skaam" is om te erken hulle hou Karoolam aan. Dit is algemeen bekend dat Woolworths, Pick n Pay en Checkers gesamentlik in die orde van 9 000 lammers per week uit die Karoostreke kry. Waarom hulle nie wil erken dat hul vrylopende (*free range*) lam uit die Karoo kom nie, sal net die tyd leer. Dit is byna asof hulle nie die kommersiële waarde van Karoolam besef nie, of anders is dit 'n manier om goeie lam teen kommoditeitspryse te kry en as 'n nisproduk op die winkelrak aan te bied. Dit is soortgelyk aan die probleem van Wes-Kaapse koringboere wat koring van hoë gehalte lewer, maar die prys ontvang wat swakker, ingevoerde koring verdien.

In Frankryk is die kleinhandelaars tog te trots om die "ware Jakob", byvoorbeeld Champagne, Parmagiano Regiano, Agneau du Limousine of Boeuf de Camargue, teen goeie pryse en met 'n skitterende aanbiedingstyl aan verbruikers te bied. Waarom dan nie ook in Suid-Afrika nie? Die land het tog sy eie ikoniese produkte.

Karooboere behoort meer druk op hul landboubesighede en slagplase te plaas om hul produk met sy welbekende identiteit as

LINKS: As 'n boer kan bewys sy plaas lê in die Karoo en het geen voerkraal of grootskaalse aangeplante weidings nie, kom hy of sy in aanmerking om gesertifiseer te word as Karoo.

'n spesiale en unieke produk te bemark. Dit gaan die slagplaas niks ekstra kos nie; almal het reeds rollermerke en sertifiseringstempels gratis ontvang om lammers as Karoolam te bemark.

NEEM MAKLIKER DEEL

Sedert die begin van die sertifiseringskema is die standaarde en aansoekprosedures aansienlik aangepas om die proses meer vaartbelyn te maak en te sorg dat dit meer ooreenstem met die huidige praktyke in die handel.

Boere, slagplase en kleinhandelaars gaan reeds heelwat koste aan om vryloop-oudits te laat doen. Daarom het die Karoo-ontwikkelingstigting (KDF) 'n manier bewerkstellig waarvolgens dit moontlik is vir boere wat reeds sulke oudits geslaag het om redelik maklik vir toetrede in aanmerking te kom. Hulle moet kan bewys dat hul plaas in die Karoo lê en geen voerkraal of grootskaalse aangeplante weidings het nie.

Met die beskikbaarstelling van die nuwe rollermerk aan ál die deelnemende slagplase is dit nou ook makliker vir kleiner slaghuise om Karoolamkarkasse aan te koop, dit binne die slaghuis op te sny en aan kliënte beskikbaar te stel.

Dit is dus nie meer nodig om 'n formele naspeurbaarheidstelsel en sagteware te hê nie. Al wat nodig is, is die dokumentasie om te bewys dat gerolmerkte en gestempelde karkasse van gesertifiseerde slagplase aangekoop is en dat die hoeveelheid wat onder die Karoolam-naam verkoop is, ooreenstem met die hoeveelheid wat aangekoop is.

Dit is ook nou vir groot kettingwinkels moontlik om hul bestaande vryloop-protokolle aan die KDF, die SA Vleisbedryfsmaatskappy (Samic) en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye voor te lê sodat hulle goedkeuring kan ontvang om binne hul bestaande protokolle Karoolam te kan bemark. Hulle moet net aan seker reëls van die Karoo-oorsprong-inisiatief voldoen. So, byvoorbeeld, kan huidige handelsmerke, soos Woolworths Free Range Lamb en Checkers Certified Natural Lamb, saam loop met die sertifiseringsmerk Certified Karoo Meat of Origin vir daardie lammers wat by goedgekeurde plase gewerf en by geregistreerde slagplase geslag is.

ELKE PAKKIE VLEIS NASPEURBAAR

Een van die beste aspekte van die sertifiseringskema is die

ONDER: Die Karoo-ontwikkelingstigting het die afgelope jaar nuwe verpakkingsmateriaal laat ontwerp, soos dié nuut ontwerpte kartonboks vir vleisverkope.

REGS: Die nuwe advertensiebanier wat by verkoopspunte gebruik word.

ULTRAMODERNE NAVORSING EN ONTWIKKELINGSTEGNOLOGIE | GEWASVOORSORG | PRESISIE-BEPLANNING | GEWASBESKERMINGS-BESTUURSPRAKTYKE

Boerdery vereis ervaring, kennis en goeie oordeel.

Boerdery vereis gespesialiseerde kennis. Danksy 'n ultramoderne tegnologiesentrum reg hier in Afrika is ons op die voorpunt van innovasie in navorsing en saadteling. Jy kan op uitsonderlike produkte en uitstekende diens van PANNAR staatmaak.

PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2014 PANNAR BPK

2015/CORP/A/003A/LW

LINKS: Me. Maria Malan van Carnarvon is een van die opkomende boere wat gesertifiseer is as 'n Karooprodusent. Daar word hard gewerk om die aantal opkomende boere wat gesertifiseer is, te verhoog. Kleinhandelaars wat hul aankope spesifiseer, kan dalk punte op die swartbemagtingstelkaart kry as hulle Karoolam koop by die swart boere wat reeds gesertifiseer is. FOTO: MAGDA COMBRINK

moontlikheid om elke pakkie vleis tot by die plaas te kan naspeur. Dit vereis egter dat verpakkingsaanlegte en/of slaghuise gedetailleerde state moet hê, asook gesofistikeerde rekenaarstelsels om die etikettering só te doen dat die spesifieke plaasnommer op elke pakkie vleis verskyn. Dié aspek strook met die moderne verbruikersbehoefte, maar nie alle kleinhandelaars is gerat daarvoor nie.

Daarom is daar onlangs 'n tweede vlak van sertifisering ingebring wat dit vir kleinhandelaars moontlik maak om te sê hulle verkoop wel wetlik Karoolam. Volgens dié proses is die vleis of karkas naspeurbaar tot by die slagplaas in die Karoo. Die slagplaas kan dan bewys dat die boer wat die lam gelewer het, regtig in die Karoo is en nie lammers uit 'n voerkraal of vanaf lusernweiding gelewer het nie.

Ingevolgde die alternatiewe sertifiseringsproses kan die aanspraak dat die produk uit die Karoo kom, geverifieer word en mag die sertifiseringsmerk op die pakkie verskyn. Waar die kleinhandelaar magtiging kry om volle naspeurbaarheid toe te pas, maar sy eie handelsmerk wil behou, kan hy die plakker gebruik wat naspeurbaarheid tot by die plaas moontlik maak.

SÓ WORD KAROOLAM BEVORDER

In die afgelope twee jaar was die KDF deur sy boere-organisasie, Meat of Origin Karoo (MOOK), nou betrokke by die werwing van en handel in Karoolam. Dit was nodig om die aanvanklike blootstelling in die vleishandel te bewerkstellig en die sertifiseringsproses by boere, slagplase en handelaars in te faseer.

Soos die proses van sertifisering ingefaseer en die etiek, filosofie en prosesse deeglik verstaan is, is daar besluit om die werwing en handel volledig terug te plaas in die hande van die slagplaas en die kleinhandel. Slagplase sal voortaan die prys van Karoolam bepaal. Hulle moet met gesertifiseerde boere onderhandel oor die premie wat hulle vir Karoolam betaal. Dié reëling is begin verlede jaar ingestel. Sover werk dit goed, met heelwat kleinhandelaars en verpakkers wat nou regstreeks met slagplase skakel vir die lewering van gesertifiseerde Karoolam.

Die KDF het in die 2014/'15-boekjaar meer as R1 miljoen aan bemarking, verbruikersopvoeding en bewusmakingsprogramme bestee om daardeur die slagplase te help om meer kliënte vir Karoolam-produsente te werf. Dit sluit in televisiereklame, die ondersteuning van sjefs en restaurante om Karoolam te bekom en te bevorder, asook deelname aan die Pick n Pay Taste-feeste in Kaapstad, Johannesburg en Durban. Gaste by laas jaar se Woordfees op Stellenbosch en die KKNK op Oudtshoorn is ook deur die *Kokkedoor*-sjefs van Karoolam voorsien.

Vir die bestuur van 'n nisproduk, soos Karoolam, is koördinasie tussen rolspelers belangrik en het die KDF besluit om Meat of Origin Karoo, 'n maatskappy sonder winsbejag, aan die rolspelers in die waardeketting oor te dra om as die bedryfsorganisasie vir Karoolam te dien.

Dit word gevolglik 'n "gehaltekonsortium" waarbinne boere, slagplase, onafhanklike slaghuise, verpakkers en groot kleinhandelsgroepe verteenwoordig word. Die konsortium moet sorg dat die gehalte en reputasie van die naam "Karoo" met integriteit bestuur word sodat dit nie net nog 'n foefie word nie. Die betrokkenes moet dus seker maak die reëls is van pas, ouditbaar en dat dit die nodige vertroue by die verbuiker inboesem.

Die eerste vergadering van die konsortium vind vandeesmaand in Gauteng plaas. **LBW** *In die volgende uitgawe word die kommersiële waarde van die sertifiseringskema bespreek. Dit is onwettig om die woord "Karoolam" op vleis of vleisprodukte aan te bring tensy jy aan sekere voorskrifte voldoen. Dié aspek word ook bespreek.*

NAVRAE: Prof. Johann Kirsten, tel. **012 420 3248** of e-pos: **Johann.Kirsten@up.ac.za**; of **e-pos: kmoo@cmcon.co.za**. Webwerf: **www.karoomeatoforigin.com.**

SLAGPLASE NEEM DEEL

Die slagplase wat tot dusver ingevolge die skema gesertifiseer is, is De Aar, Groblershoop, Carnarvon, Colesberg, Calvinia (Ramskop) en Williston. (Colesberg het egter onlangs besluit om nie weer sy oudit te hernu nie en is nou nie meer deur die staat gemagtig om amptelike Karoolam te verkoop nie.)

Die slagplase op Beaufort-Wes en Graaff-Reinet het ook onlangs aansoek gedoen om sertifisering en behoort binnekort deel te wees van die familie van "Karoo-slagplase". Dán behoort boere in daardie distrikte ook in staat te wees om aansoek te doen. Sonder 'n goedgekeurde slagplaas binne 250 km van 'n boer se plaas is daar geen sin vir hom of haar om aansoek te doen nie.

Ander slagplase wat aan die wetlike standaarde voldoen en volledige naspeurbaarheidstelsels het, maar nog nie aansoek gedoen het nie, is Upington, Cradock en Strydenburg.

MEER AS 600 PLASE OP 2,6 MILJOEN HEKTAAR

Deelname aan die skema is vrywillig. Sover is die getalle as volg:

- Boere gesertifiseer: 207 (van wie 40 opkomende boere).
- Aantal plase gesertifiseer: 365. Nog 32 moet geoudit word nadat 'n groot groep van Konsortium Merino se lede ook besluit het om aansoek te doen. Dit sal die aantal plase tot altesaam feitlik 400 plase opskuif.
- Aantal hektare wat nou as "Karoo" gesertifiseer is: 1,568 miljoen hektaar.
- Vleisverpakkers gemagtig om Karoolam te verpak: 7.
- Slaghuise wat geregistreer is as amptelike verskaffers van Karoolamsvleis: 10.

GWK (die Griekwaland-Wes-koöperasie), een van die kommersiële vennote in die Karoolam-ketting, hou sy eie databasis van geregistreerde plase. Sy statistieke is as volg:

- 115 boere.
- 275 plase.
- 1 057 300 hektaar is gesertifiseer.

As 'n mens GWK se syfers in berekening bring, staan die totale aantal gesertifiseerde Karooplase nou op 640, wat altesaam 2,625 miljoen hektaar beslaan. Dit is 'n groot prestasie vir die Noord-Kaapse departement van landbou en grondhervorming, wat die proses gefinansier het.